Somer: Sink of swem vir huiseienaarsverenigings

Met die somer op hande is dit nou ‘n voordelige tyd vir huiseienaarsvereningings in woonlandgoedere met gemeenskaplike swembaddens om aandag aan die nodige onderhoud en veiligheidsmaatreëls te gee om ‘n sorgvrye somer te verseker.

Dit is die mening van Berry Everitt, uitvoerende hoof van die Chas Everitt International-eiendomsgroep, wat sê: “Talle faktore, soos weersomstandighede, temperatuur, reën, sonskyn, blare, olie, sonbrandmiddels en sweet, beïnvloed die suiwerheid en helderheid van swembadwater en dit is dus belangrik om die water gereeld te laat toets (twee keer per week in die somer) asook om meganiese en veiligheidstoerusting na te gaan. Dit is ook raadsaam om rekord te hou van enige waterbehandeling en gebruik van chemikalieë.

“Plaveisel en die swembadteëls, stopverf en binne oppervlak van die swembad behoort ook voor die somerseisoen nagegaan te word om seker te maak dat dit in goeie toestand is, en swembadfilters moet gereeld skoon gemaak word om goeie watersirkulasie te bevorder.”

Hy skryf in die nuusbrief, Property Signposts, dat huiseienaarsverenigings ook sal moet besluit of swembadonderhoud intern gedoen gaan word en of ‘n kontrakteur gehuur gaan word en die bykomende koste by eienaars se maandelikse heffing gevoeg gaan word.

Oor swembadveiligheid sê Everitt dat daar nie ‘n plaasvervanger is vir voldoende volwasse toesig wanneer die swembad gebruik word nie – en stewige omheining wanneer dit nie in gebruik is nie. In die meeste streke van Suid-Afrika bepaal munisipale regulasies dat ‘n 1,2m hoë omheining met ‘n hek wat serlf toemaak en ‘n peuterbestande slot aangebring moet word.

“En swembadreëls, wat deur alle eienaars in ‘n landgoed onderskryf moet word, moet aan elke woning verskaf word en ook opsigtelik by die ingang van die swembad vertoon word. Reëls behoort ‘n verbod teen alleen-swem, uitbundige speletjies in of rondom die swembad en die verbruik van alkohol in of rondom die swembad in te sluit.”

Hy sê huiseienaarsverenigings moet ook seker maak dat daar ‘n eerstehulpkassie en reddingtoerusting soos ‘n ringboei, lewensreddershaak en rugbord beskikbaar is en dat dit maklik toeganklik is.

“En, laastens, moet swembadchemikalieë met sorg hanteeer en geberg word. Dit is potensieel gevaarlike stowwe en moet in die oorspronklike houers in ‘n koel, droë en goed geventileerde plek met ‘n stewige slot geberg word.”

Bly kalm as banke vrae vra

Al hoe meer finansiële instellings maak op outomatiese kredietstelsels staat wanneer hulle besluit om lenings toe te staan of nie, maar selfs dié gesofistikeerde stelsels kan deur sekere inligting in jou kredietgeskiedenis gepootjie word – en dis dan wanneer jy ‘n oproep van ‘n bankamptenaar kan verwag.

“Dit beteken nie noodwendig dat jou kanse op ‘n lening in die niet verdwyn nie,” sê Berry Everitt, uitvoerende hoof van die Chas Everitt International-eiendomsgroep, “en dis beslis nie nodig om verdedigend of vies te raak nie.

“Jy het waarskynlik jou kredietrekord gebou deur nooit meer te leen as wat jy kon bekostig om terug te betaal nie en altyd jou rekenings betaal. Maar dit is ook moontlik dat jy die afgelope paar jaar ‘n rekening of wat ‘laat’ betaal het en dat dit op jou rekord aangeteken is.

“’n Mens moet in aanmerking neem dat kredietburo’s en banke rekenings wat later as 30 dae na die betaaldatum vereffen is as ‘laat’ betalings beskou en dat die meeste van hulle gaan vra wat die rede was, selfs al dink jy dit is ‘n nietigheid.”

Die beste plan in sulke omstandighede, sê hy, is altyd om net die waarheid te praat. “As jy byvoorbeeld regtig nie kan onthou waarom ‘n maandelikse betaling op ‘n inkopiekaart twee jaar gelede laat was nie, sê so. As jy ‘n telefoonrekening laat betaal het omdat jy met vakansie was, sê so. Wees eerlik as iets gebeur het wat jou verhoed het om een maand ‘n klomp tjeks te pos.

“Dié soort ding gebeur met almal van ons en banke verwag gewoonlik nie dat jy ‘n kredietrekord sonder ‘n enkele klad moet hê nie. Gewoonlik verlang hulle net ‘n redelike verduideliking wat hulle langs enige kredietnavraag wat die outomatiese stelsel uitgespoeg het, kan aanteken.”

Everitt sê mense met omvattende kredietprobleme uit die verlede, soos bankrotskap of beslaglegging op eiendom, behoort ook oop kaarte te speel – en ‘n volledige gedokumenteerde verduideliking aan hul bank of verbandkonsultant te verskaf voordat hulle om ‘n nuwe lening aansoek doen.

“Hulle staan steeds ‘n goeie kans om ‘n lening te bekom indien hulle met derde-party bewyse kan aantoon dat die gebeure buite hul beheer was – miskien weens ‘n ongeluk, skielike en ernstige siekte of ‘n werksverlies – en dat hulle omstandighede ten goede verander het. Aan die ander kant is daar maar min hoop op ‘n lening indien hulle ou probleme probeer toesmeer en dit tydens die bank se evalueringsproses aan die lig kom.”

MARIKANA VLU-TAK het onlangs weer hul gemeenskapsbetrokkenheid beklemtoon deur bome aan die nuwe Hevormde Kerk op die Johannesburgpad te skenk. Die bome is by Joan von Maltitz, ’n lid van Volmoed VLU-tak, aangekoop. Hier is ds Johan en Alida van Wyk, Isabel Hough, Pam van Rensburg, Joan von Maltitz en Julie Ferreira. Die tak het tien Moepelbome en tien Frangipanis geskenk en het daarna die lieflike kerkgebou, wat ’n ouditorium is, besoek en is trakteer met tee en verversings.



NORTHAM VROUELANDBOU-UNIE het onlangs die Rustenburg Herout se drukkery besoek en meer geleer oor die drukproses van koerante. Op die foto van links verskyn Alicea Steynberg, Meintjes Meintjes, Heinrich Goosen, Cilea Goosen, Theuns Goosen, Annatjie Dreyer, Amanda Meintjes, Mari Meintjes en Pieter Meintjes.

ROOT - X AUCTIONEERS
086 034 8348
www.rootx.co.za

10189/ddb

STAAK BOERDERY
VEILING LEEUWFONTEIN, DERBY
BEHOORLIK GELAS DEUR DIE EIENAAR WORD
ALLE LOS BATES ALGEHEEL UITVERKOOP

TREKKERS: FORD 7600, 2 X FORD 5000, 2 X FORD TW20, FORD TW25, JOHN DEERE 2140, FORD 6600AC,JOHN DEERE 3130
STROPERS: 4 X SLATTERY’S, DROTSKY VOERSTROPER EN MEER
IMPLEMENTE: 3 X SKOTTELPLOEë, 2 X 3 SKAAR PLOEë, 2 X 4 SKAAR PLOEë, MALCOMESS BEITELPLOEG, VETSAK RIPPER, FALCON SNYMASJIEN, JOHN SHEARER SNY EG, JD DUISENDPOOT EN VELE MEER.
ANDER: VOERMENGER, SUIDERKRUIS SPUIT, AWEGAAR OORLAAI, KORINGTAFEL, MIELIETAFEL EN VELE MEER14/18 MERCEDES BENZ VRAGMOTOR, FORD D1311 VRAGMOTOR EN MEER.
VEE: 40 DRAKENSBERGER VERSE & 10 DRAKENSBERGER KOEIE MET KALWERS.

SATERDAG 23 OKTOBER 2010 OM 10:00
VANAF RUSTENBURG-RY ±35 KM MET DIE R30 NA DERBY – DRAAI LINKS – RY ± 8,8 KM EN DRAAI DAN REGS. RY 3,3 KM OP GRONDPAD. VOLG ROOT-X RIGTINGWYSERS TOT BY VEILING – AAN REGTERKANT.
BESIGTIGING: Vrydag 22 Oktober vanaf 10:00 tot 17:00 & 1 Uur voor die veiling
TERME:Registrasiefooi van R500. Kontant of Internet betaling direk na afloop van die veiling
NAVRAE: DIRK 082 784 0341 | DALEEN 083 774 7046 | 012 348 7777 | FRIK 014 – 597 2900
GEYER EIENDOMME NOORDWES BK. ESTATES NW C.C. CK 96/17010/23
www.rootx.co.za
xcellence rooted in xperience

Rustenburg
Belastingbetalersvereniging
www.rbbv.co.za • registrasie@rbbv.co.za
(RBBV)
PUBLIEKE VERGADERING
PLEK:
Rustenburg Skougronde - Hoof Paviljoen
DATUM:
Donderdag, 21ste Oktober 2010
TYD:
18:00 (Vergadering begin stiptelik om 18:00)
Alle belastingbetalers dringend benodig.
Aansoekvorms beskikbaar by die vergadering.
"As jy 'n verskil wil maak in ons dorp dan moet jy die vergadering bywoon"
ALMAL WELKOM • Kom kuier saam met ons

KANTOOR TE HUUR
100 m² Geleë te
H/V Van Alphen en Postmastraat.
‘n Kantoor bestaan uit 4 vertrekke,
‘n badkamer en kombuis.
Huur per maand R4 560 BTW ingesluit.
Skakel Martie of Sandra by
014 592 6866

AUCTION
SATURDAY 16 OCTOBER 2010, 10H00
@ ROCKCLIFF ESTATE
VACANT STAND
* NEXT TO WATERFALL MALL
* EXCELLENT INVESTMENT OPPORTUNITY
* STUNNING VIEWS
* WITHIN A HIGH SECURITY ESTATE
AN OPPORTUNITY NOT TO BE MISSED
VIEWING BY APPOINTMENT
ENQUIRIES: KENNETH - 076 393 6220
AUCTIONEERS
SELL YOUR PROPERTY IN 30 DAYS!